

# Mikro Graad R - Week 8 (Voëls)

Dag 1: 8 Junie

Leerarea	Opdrag	Benodighede
<b>Breinoefening</b>	<p>Kyk die video van die breinoefeninge vir 'n voorbeeld.</p> <p>Tic tac toe</p> <ol style="list-style-type: none"><li>1. Teken met bordkryt op die vloer OF gebruik maskeerband OF teken op 'n papier 'n tic tac toe bord.</li><li>2. I speler gebruik doppies met die regte kant na bo, ander speler gebruik die doppies omgedraai.</li><li>3. Speel die speletjie Tic Tac Toe: Elkeen kry 'n beurt om 'n doppie neer te sit, die eerste speler met 3 doppies in 'n reguit ry wen.</li></ol>	<p>“Breinoefening Week 8” video</p> <p>-doppies- 5 vir leerder en 5 vir mamma</p> <p>-bordkryt OF maskeerband OF pen en papier</p>
<b>Huistaal</b>	<p>Luister of lees die storie van “Baba voëltjie vind sy mamma” voor en antwoord die vrae wat volg.</p> <p><u>Vraagstelling</u></p> <ol style="list-style-type: none"><li>1. Hoeveel eiers het mamma voëltjie gelê?</li><li>2. Waarom het mamma voëltjie van haar nes af weg gevlieg?</li><li>3. Wie het baba voëltjie gaan soek?</li><li>4. Wie het baba voëltjie eerste, langs die pad gevra of sy, sy mamma is?</li><li>5. Wie het baba voëltjie tweede, langs die pad gevra of sy, sy mamma is?</li><li>6. Wie het baba voëltjie derde, langs die pad gevra of sy, sy mamma is?</li><li>7. Wie het vir baba voëltjie gehelp om sy mamma te vind?</li></ol>	<p>Baba voëltjie vind sy mamma storie</p>

	<p>8. Toe ouma vir baba voëltjie terug vat na sy nessie toe, in watter volgorde het hulle nou verby die diere gestap?</p> <p>9. Wat het mamma voëltjie terug gebring?</p> <p>10. Hoeveel eiers moet nog uitbroei?</p>	
<p>Bespreking of Kreatief (LV)</p>	<p>Kyk die <b>Bespreking Dag I</b> video of lees die <b>Bespreking Dag I</b> PDF.</p> <p>Voëls as troeteldiere:</p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Verskillende tipe voëls wat as troeteldiere aangehou kan word.</li> <li>2. Verskillende tipe pappegaai.</li> <li>3. Wat het ons troeteldiere nodig?</li> <li>4. Hoe versorg ons ons troeteldiere?</li> </ol> <p>Tuinvoëls:</p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Verskillende tipe tuinvoëls.</li> <li>2. Waaraan kan ons tuinvoëls uitken?</li> <li>3. Hoe kan ons tuinvoëls na ons tuin lok?</li> </ol> <p>Aktiwiteit:</p> <p>Teken 6 voëltjies op 'n A4 papier. Kleur hul in en knip hulle uit. Hou hulle eenkant om môre weer vir Wiskunde te gebruik.</p>	<p><b>Bespreking Dag I</b> video of <b>Bespreking Dag I</b> PDF</p>
<p>Ekstra</p>	<p>Storie vir pret: Hansie vlieg weg.</p>	<p><b>Hansie vlieg weg</b> video</p>

## Dag 2: 9 Junie

Leerarea	Opdrag	Benodighede
<b>Breinoefening</b>	<p>Praat met jou oë Leerder sit hulle masker aan en mamma noem 'n emosie wat die die kind moet uitbeeld. Bv. Wys vir my hoe iemand sal lyk wat kwaad/gelukkig/hartseer/skaam is.</p>	<ul style="list-style-type: none"><li>- Leerder se masker</li></ul>
<b>Wiskunde</b>	<ol style="list-style-type: none"><li>1. Mamma/pappa skryf die getalsimbole op die voëltjies wat die vorige dag gemaak is. In die video word daar vir die leerders gevra om die regte hoeveelheid wasgoedpennetjies aan die korrekte getal vas te knyp. Die getalname moet asb. vooraf op die voëltjies geskryf word en ook geskommel word.</li><li>2. Die getalname word aan die agterkant van die voëltjies geskryf. Die getal en die getalnaam moet asb. nie ooreenstem met mekaar nie. Leerders gaan dan weer die regte hoeveelheid wasgoedpennetjies vas knyp.</li><li>3. Patrone: Leerder moet soveel moontlike patrone maak met 4 lepels en vurke. Motiveer en help waar nodig, maar leerders moet probeer om self kreatief te dink. Vra elke keer of daar nog 'n manier is wat dit gepak kan word.</li></ol> <p>***Tydens die video word daar gevra om dit te stop en word daar 'n aktiwiteit gedoen. Jul is meer as welkom om enige plek te stop indien die leerder meer tyd nodig het.***</p>	<ul style="list-style-type: none"><li>- Gebruik die <b>Hersiening I</b> video</li><li>- Voëltjies wat vorige dag gemaak is</li><li>- 2l Wasgoedpennetjies</li><li>- 4 vurke en lepels</li></ul>

Ekstra	Storie vir pret: Die dag toe Ernst 'n ertjie geëet het.	Die dag toe Ernst 'n ertjie geëet het video.
<b>Dag 3: 10 Junie</b>		
Leerarea	Opdrag	Benodighede
Breinoefening	Geheue speletjie Teken met 'n koki prentjies aan die binnekant van doppies bv. getalle, vorms, kleure, ens. of gebruik plakkers. Pak die doppies in rye en speel 'n geheue speletjie. Die persoon met die meeste pare doppies wen.	- doppies en koki
Huistaal	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Vertel vir Baba voëltjie vind sy mamma oor in ju eie woorde</li> <li>2. Kyk na die prentjies en vertel jou eie storie.</li> <li>3. Soek 3 verskille by elke juffrou. (<i>antwoorde</i>)</li> </ol> <p>Juffrou Janneke</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Hare, baadjie, skoene</li> </ul> <p>Juffrou Anel</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Masker, skoene, serp</li> </ul> <p>Juffrou Danike</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Bril, lippe, stoel</li> </ul> <p>Juffrou Kara</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Hare, pop, boek</li> </ul>	Hersien leerareas dokument

<p>Bespreking of Kreatief (LV)</p>	<p>Kyk die <b>Bespreking Dag 3</b> video of lees die <b>Bespreking Dag 3</b> PDF.</p> <p>Voëls wat nie kan vlieg nie:</p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Gediggie – Die Haantjie</li> <li>2. Watter voëls kan nie vlieg nie?</li> <li>3. Watter ander spesiale eienskappe het hierdie voëls?</li> <li>4. Interessante feite oor voëls wat nie kan vlieg nie.</li> </ol> <p>Aktiwiteit: Bou 'n nessie van speelklei, modder en enige materiaal wat jy buite kan optel.</p>	<p><b>Bespreking Dag 3</b> video of <b>Bespreking Dag 3</b> PDF</p>
<p>Ekstra</p>	<p>Storie vir pret: Die lelike eendjie</p>	<p><b>Die lelike eendjie</b> video</p>

### Dag 4: 11 Junie

Leerarea	Opdrag	Benodighede
<p>Breinoefening</p>	<p>Raai die klank Leerder sit hulle masker oor hulle oë. Mamma maak dan geluide met verskillende voorwerpe en leerder raai wat dit is.</p>	<p>Masker Voorwerpe om geluide mee te maak: frommel van papier/plastieksak, glas en lepel, hande klap, stoel skuif op vloer, bottel water, foon</p>
<p>Wiskunde</p>	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Dae van die week</li> <li>2. Watter dag is dit vandag? Watter dag was dit gister? Watter dag sal dit môre wees?</li> <li>3. Sortering van voëls. Beantwoord vrae.</li> </ol>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Gebruik <b>Datahantering (sortering) video</b></li> <li>- Enige tellers – klippies, boontjies, lego blokkies</li> </ul>

	<p>4. Woordprobleme tot 5.</p> <p>***Tydens die video word daar gevra om dit te stop en word daar 'n aktiwiteit gedoen. Jul is meer as welkom om enige plek te stop indien die leerder meer tyd nodig het.***</p>	
Ekstra	<p>Storie vir pret: Waarvoor is seerowers bang?</p>	Waarvoor is seerowers bang? video

### Dag 5: 12 Junie

Leerarea	Opdrag	Benodighede
Breinoefening	<p>Legkaart Bou 'n legkaart van ongeveer 30 stukke.</p>	Legkaart of 'n prent opgeknipt.
Motoriek en Musiek (LV)	<p>"Charades" Maak die video oop en speel saam met Juffrou "Charades"</p>	Week 8 Motoriek Charades video
Bespreking of Kreatief (LV)	<p>Kyk die <b>Bespreking Dag 5</b> video of lees die <b>Bespreking Dag 5</b> PDF.</p> <p>Roefvoëls:</p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Wat is 'n roefvoël?</li> <li>2. Verskillende roefvoëls.</li> </ol> <p>Watervoëls:</p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Wat is 'n watervoël?</li> </ol>	Bespreking Dag 5 video of Bespreking Dag 5 PDF

	<p>2. Verskillende watervoëls.</p> <p>3. Het jy geweet?</p> <p>Aktiwiteit:</p> <p>Maak 'n plan en lok voëls na jou tuin. Maak 'n verkyker van toiletrolle en hou die voëls in jou tuin dop.</p>	
<p>Ekstra</p>	<p>Storie vir pret:</p> <p>Superhero's dra maskers</p>	<p>Superhero's dra maskers video</p>